**Vrydag 7 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 84:1-13**
**Fokusgedeelte: Psalm 84:1-13**

**Dissipels begeer God ... en sy tempelwoning**

Dis ’n tema in Psalm 84. Dissipels, deur die eeue, begeer God en sy tempelwoning. In vers 2-3 bely, of nee, roep ons dit uit. Ons het ’n brandende liefde vir die HERE se tempelwoning. Ons het ’n verterende begeerte om daar te wees. Dit vat my lewe oor. *“Ek beswyk, HERE! En ... ai ... Selfs vind die mossie ’n huis en die swaeltjie ’n nes vir haar, waar sy haar kleintjies neerlê by u altare ... Ons wil ook daar by U wees!”* (vs 4). Daarom: *“Welgeluksalig ...” of werklik diep gelukkig “is hulle wat woon in u huis ...”* (vs 5).
In vers 11 sien ons dit weer: *“’n dag in u voorhowe is beter as duisend ...”* êrens anders. So, daar is net mooi niks hier in die wêreld wat so goed, so wonderlik, so begeerlik is, soos om by die HERE in sy tempelwoning te wees nie. Want kyk net in vers 12 wat doen Hy! *“Hy sal die goeie nie (vir ons) onthou ... nie.”* Hy sal Homself vir ons gee. Hy is immers die hoogste goed (Ps. 16:2; Mark. 10:18). Wonderlik! O, om versadig te word met God! Dit laat jou oorloop met vreugde (Ps. 16:11; 43:4).
Wat beteken dit prakties om God en sy tempelwoning te begeer? Ek dink daar is vyf goed:

- Begeer Jesus bo alles! Leef met Filippense 3:8: *“Ter wille van Christus het ek alles prysgegee en as drek beskou, om Christus as wins te verkry.”* Want Christus is die Tempel van God. Die Ou-Testamentiese tempel was ’n heenwysing of ’n skadu van Christus (Joh. 2:19-22). *“In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik”* (Kol. 2:9). Christus is “Emmanuel ... dit is, as dit vertaal word: God met ons” (Matt. 1:23; Jes. 7:14).
- Bekeer radikaal, elke dag, en bid vir ’n nuwe hart wat Christus begeer. Want van nature is *“al die versinsels wat ek in my hart bedink, altyddeur net sleg”* (Gen. 6:5). Bid vir *“verligte oë van my verstand ...”* (Ef. 1:18) sodat ek geestelik kan sien dat daar niks meer begeerlik is nie as Jesus.
- Begeer die Woord. Begeer stiltetyd. Begeer huisgodsdiens. Begeer Skrifverklarende prediking wat diep gaan. Want dis daar dat *“Jesus Christus afgeskilder”* word (Gal. 3:1; 1 Sam. 3:21). Dis wanneer jy in die Woord is dat jy Jesus al meer leer ken as die Een vir Wie jy alles wil los om Hom as wins te verkry.
- Begeer die byeenkomste van Jesus se gemeente (Heb. 10:25). Dis daar dat Jesus ook by ons is deur sy Gees. Hy het immers gesê: *“... waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde”* (Matt. 18:20).
- Begeer Jesus se wederkoms. Dan sal ons die volheid daarvan beleef om op die nuwe aarde in die nuwe tempelwoning, in en deur Jesus, by God te wees (1 Pet. 3:18). *“... en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien ...”* (Op. 22:3-4).

*Sing: Psalm 84-1:1-6*
*Ds. AJ Rossouw (Cobus) (Hendrina/Carolina)*